# SKOLIERE TREF VERGELYKINGS TUSSEN ONS SITUASIE EN DIE FRANSE REWOLUSIE

As deel van die tweehonderdjarige herdenking van die Franse Rewolusie, het vakdidaktiekstudente van die Randse Afrikaanse Universiteit inligting by twee hoërskole ingewin – een skool was 'n Afrikaanse skool en die ander 'n kleurlingskool aan die Rand. In totaal het 74 leerlinge die vraelys voltooi. Een vraag was veral relevant en insiggewend, omdat dit 'n vraag was wat besondere historiese kennis vereis het en die vermoë om vergelykings te tref, aantoon. Die vraag het soos volg gelui: "Tref 'n parallel (as daar is) tussen die Franse Rewolusie en die situasie in Suid-Afrika vandag". Die antwoorde van die standerd agt-leerlinge was in baie gevalle ontstellend – in 'n enkele geval getuig dit van antisipasievermoë. Die volgende is 'n voorbeeld van 'n simplistiese antwoord wat deur amper die helfte van die blankes gegee is:

*"Ek sal sê die swartes is soos die adel van die Franse, hulle betaal amper geen belasting, hulle kry hulle huise verniet en moet d.m.v. maandelikse afbetaling dit afbetaal, maar nie eers die helfte betaal dit nie. Die witmense is soos die boerestand van die Franse wat swaar onderdruk word deur belasting soos water en ligte wat stiptelik betaal moet word per maand, anders kan jy jou huis en geriewe verloor."*


Enkeles het darem meer empatie getoon. Die volgende voorbeeld word gegee (effens verkort):

*"Die Afrikanervolk is die onderdrukker en die swart bevolking die onderdrukte. Soos die derde stand beïnvloed is deur die filosowe, so word die swart bevolking daagliks beïnvloed deur bv. die ANC. Ek het al Saterdae in sekere plekke in die middestad pamflette ontvang van organisasies wat die swart bevolking en die liberale Afrikaner tot ontevredenheid kan opsweep. Tog het ons al aan die swart gemeenskap voorregte en hulpmiddels soos bv. skole, boeke gegee en dit is verwerp deurdat dit gebrand en afgebreek is. In die Franse Rewolusie is die derde stand stemreg geweier en dit het gelei tot ontevredenheid. Vandag wil die bevolking stemreg in ons land hê en ons weier dit. Volgens my mening het die swart bevolking 'n rede – meer as een – om in opstand te kom. Baie van hulle leef in die armste en die goorste toestande. Soos ons al vele kere gesien het, gaan ek en my vriende swaarkry vir die besluite wat ons ouers neem. Net soos nou wanneer ons ouers swaarkry en ly vir die besluite wat hulle ouers geneem het.*

*Volgens my behoort apartheid afgeskaf te word voor ons ons land heeltemal gaan verloor. Wat is daarmee verkeerd om 'n swart eerste minister te hê as leier? Binnekort gaan 'n opstand of 'n rewolusie uitbreek en ons, nou die bevoorregtes, gaan dan die onderspit delf. Die witman sal sy trots moet sluk en die swartman as sy gelyke aanvaar. Baie van ons word groot gemaak met die idee van die swartman is daar om jou vuil werk te doen. Maar dit sal moet verander. Ek ondersteun die liberale en is besorg oor die mens en sy regte. Goed, die swartman betaal nie belasting op sy inkomste nie, maar hy betaal dieselfde verkoopsbelasting as ons.*

*Hulle inkomstes wissel soms van R170 – R200 'n maand, waar sommige witmense salarisse meer as R5 000 is. As jy my vra*

*'n Model van die guillotine.*



*is dit nogal 'n baie groot verskil. Ons sal daaraan moet dink om die swartman tot ons gelyke te verhef en dan aan hulle dieselfde voorregte en laste soos bv. belasting, stel, anders is 'n rewolusie onvermydelik.*

*Nou al kan dit duidelik waargeneem word dat die swartman gelok word deur begrippe soos bv. vryheid, gelykheid, meer geld, meer voorregte en geleenthede. My voorstel is, verander die parlement – gee aan elke kleurgroep dieselfde hoeveelheid verteenwoordigers. Stel apartheid af. Aanvaar die swartman as jou gelyke en behandel hom soos wat jy behandel wil word. Reël byeenkomste waar leerlinge van verskillende bevolkingsgroepe mekaar kan leer ken. Verskille moet aanvaar word en daar moet gewerk word om rasseverhoudings te verbeter. Die ekonomie sal ook verbeter as almal dieselfde belasting betaal en dieselfde salarisse verdien. Maar ek is 'n kind en niemand sal tog na ons luister nie, ons sal maar ly in die toekoms vir die foute wat ons voorouers gemaak het.''*

Wat die kleurlingskool betref, was die trek van 'n direkte parallel meestal opvallend. Die volgende twee voorbeelde ter illustrasie:

*''Today in South Africa we are also experiencing class differences, apartheid and taxation. This means that we are also not considered as one or equal. The blacks are being discriminated against. The rich are becoming richer and the poor are becoming poorer. A revolution in South Africa is avoidable. One of the main factors that will help in avoiding it, is to do away with apartheid. The black businesses must stop being discriminated against and everybody must be treated equally.''*

*''A parallel can be drawn on the basis that if we view the French Revolution as being a revolution based on class differences, then it can be applied to the current South African situation. On the other hand the S.A. political situation is a unique one, simply because it is based on racial discrimination and not so much on class differences. The events which led up to the French Revolution cannot be equaled to the current S.A. situation because of the time factor. People are known to be able to change over time and people are often motivated by different aspects of life. The revolution can be avoided only if the status quo changes, i.e. total destruction of the apartheid system and if the above does not change, the bloody revolution is unavoidable.''*

Die antwoorde is veelseggend. Feit is dat hierdie 'n tema is wat in die standerd 8-sillabus behandel word. Die vraag is, is die Franse Revolusie behandel asof dit hoegenaamd geen lesse vir ons situasie inhou nie, of andersyds, is die vertolkings dalk die onderwysers se sienings? Albei alternatiewe lyk oor die algemeen ewe problematies. Die kritiese punt wat gemaak moet word, is dat hierdie kinders haas stemgeregtig is. Die polarisasie is duidelik en die onkunde wat straal uit veral die eerste voorbeeld, is onrusbarend.